

Inhoud Preek Hierdie preek wys dat met sy eerste koms waarin Jesus Christus die veroordeelde in ons plek voor God geword het, skep Hy in ons die dankbaarheid en ywer om vir Hom te wag deur ywerig te woeker met alles wat Hy aan ons toevertrou het, sodat wanneer Hy weer kom, ons vir Hom opgewonde kan wys wat ons vir Hom gedoen het. Ons kom na die Lig dat ons dae bekend kan word as dae uit dank en liefde, wat nooit veroordeel sal word nie. Christus se eerste koms verander die tyd waarin ons op sy tweede koms wag na 'n tyd waarin ons dankbaar met ons self en ons lewe as God se eiendom is wat Hy aan ons toevertrou het. Daarmee het Christus hulle wat Hom nie verwag nie ontbloot as goddeloses wat God ontvoog: God roof en plunder. Hulle doen dit in die geloof dat hulle en hulle lewe nie aan God behoort nie, en daarom begrawe hulle "God se dinge" om met hul eie dinge besig te wees.

Skriflesing Matteus 25: 14 – 30; Joh. 3: 16 - 21

Teks Mat. 25:21: "Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Deel in jou eienaar se vreugde."

Tema Christus laat ons in toevertroue op Hom wag

1. Ons is in die prediking besig om saam te kyk na die openbaring van die wederkoms van Jesus Christus. Verlede week het ons gesien dat Christus skep met sy eerste koms die geloofsgehoorsaamheid om deur tye van wetteloosheid in geloof en liefde te groei.

Vanoggend gaan ons kyk hoe Christus se eerste koms die oordeelsdag met sy tweede koms verander het. Met sy eerste koms het Jesus die Christus geword wat vir sondaars geregtigheid vervul. Dit is wat die Here met sy doop met water wys. Hy is die Een wat die sondaar kom word in die plek van sondaars sodat Hy sondaars vir God se liefde reg maak. (Mat. 3: 15)

Dit kom doen Jesus deur as sondaar aangekla, veroordeel, oorgelewer te word, vervloek en gestraf te word deur sy lyding, kruisiging, sterwe en verwerping om godverlate te wees soos Matteus dit in hoofstukke 26 tot 28 beskryf. Deur sy eerste koms word Christus God met ons volgens Mat. 28: 20. Hy maak al God se beloftes seëninge in ons lewe, al kan ons nie die wet gehoorsaam soos God eis nie.

Die dissipels het nie in die eerste koms van Jesus om gekruisig te word en uit die dood uit op te staan, geglo nie. Hulle het net soos die Jode geglo dat die koms van Christus is die oordeelsdag waarin alle nasies aan die mag Jode onderwerp gaan word. Hulle was onder die indruk dat die Paasfees wat aan die kom was die oordeelsdag sal wees omdat Jesus koning gaan word.

Daarom vra hulle Hom die vraag in Mat. 24: 3: "Sê vir ons," het hulle gevra, "wanneer sal hierdie dinge plaasvind, en wat is die teken van u koms en die voleinding daarvan."

Die hele profetiese rede in Mat. 24 en 25 is dan die Here se openbaring hoe Hy deur sy eerste koms om sondaar in die plek van sondaars te word, die oordeelsdag met sy wederkoms as Christus verander.

2. Dit is die bedoeling van die gelykenis oor die muntstukke.

Die gelykenis wys hoe Hy die wyse waarop sy dissipels gaan wag op sy wederkoms en die oordeelsdag met sy wederkoms, verander teenoor die manier waarop die Jode wat nie in Hom a die Christus geglo nie, wag.

In die gelykenis is die ywerige slawe sy dissipels en die slegte en lui slaaf die Jode.

Met hierdie gelykenis wys die Here hoe sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding met Paasfees die oordeelsdag met sy sy wederkoms bepaal.

Die Here is die man wat met sy hemelvaart sy besittings aan sy slawe toevertrou tot en met sy wederkoms. Dit beskryf hoe sy dissels gaan wag op sy wederkoms. Hulle gaan besig wees om te wag deur te woeker met die geleenthede wat die Here vir hulle gaan gee om Hom te dien.

Elkeen kry geleentheid om die Here volgens sy vermoëns te dien! Diens beteken om werksaam te wees met die Here se besittings wat Hy aan ons toevertrou. Diens beteken om te woeker met die vermoëns en geleenthede wat die Here ons gee om met sy besittings besig te wees.

Dit is waarmee sy dissipels moet besig wees van sy hemelvaart tot sy wederkoms!

3. Die Here wys in die gelykenis op die verskil tussen ywerige diensbaarheid en minagtende heerssugtigheid.

Dit is die verskil tussen die ywerige slawe en die lui en slegte slaaf. Die ywerige slawe ontvang wat die Here aan hulle toevertrou en is dankbaar en vlytig besig om met die geleenthede wat aan hulle toevertrou is, vir hulle werkgewer te woeker.

Die lui en slegte slaaf doen niks met sy vermoëns en geleenthede nie. Hy begrawe dit. Hy self verwoord die rede vir hierdie optrede – deur sy werkgewer te beskuldig vir sy luiheid.

Hy stel teenoor sy werkgewer dat hy weet wat se tipe werkgewer hy is: een wat hom aanmatig met hardvogtigheid om met geweld te vat wat hom nie toekom nie. Omdat hy sy werkgewer só sien maak hy asof hy bang was om iets te probeer doen met die risiko om foute en maak, en wat aan hom toevertrou is te verloor of in waarde te laat verminder.

Daarom het hy kamstig uit vrees niks gedoen met wat aan hom toevertrou is nie. Maar hierdie leuen ontmasker die werkgewer met die antwoord: “Jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie en oes waar ek nie geplant het nie. Daarom moes jy my geld by die bankies belê het, en met die terugkeer sou ek wat myne is met rente teruggekry het.”

Met hierdie antwoord ontmasker die werkgewer die slaaf se kamstige vrees vir hom. Sou hy hom werklik gevrees het en te bang sou wees om te verloor om in waarde te laat verminder wat aan hom toe vertrou is – sou hy die verantwoordelikheid aan iemand anders toevertrou het om te sorg vir waardevermeerdering.

4. Die slaaf se minagting is om te weier om toevertrou te word met sy werkgewer se besittings. Hy wil nie met sy werkgewer se besittings besig wees nie. Daarom begrawe het dit.

So waarmee was die slaaf dan besig tot en met die koms van sy werknemer?

En dit is die punt - met sy eie besittings!

Nie met die besittings wat aan hom toevertrou was nie. En dit is die minagting vir sy werkgewer – jy kan niks aan my toevertrou nie, want ek gaan maak asof jy 'n geweldenaar is wat roof en plunder en as ek met jou besittings foute maak gaan jy my veroordeel en straf.

Sy sogenaamde vrees is net 'n skynvroomheid om homself te verhef as 'n heerser wat nie 'n slaaf is nie – “ek bestuur my eie en is besig met my eie en ek vat niks van jou en doen niks vir jou, want jy gaan my net straf as ek met jou goed besig is.”

Hiermee het die Here die Jode se verwagting van die oordeelsdag van die Christus ontbloot – julle verwag 'n Christus van 'n hardvorige God wat verantwoordelikheid opeis van dinge wat nie syne is nie.

Daarom word niks van en in die lewe as 'n roeping en diens teenoor God opgeneem nie. Ons begrawe die vermoëns en geleenthede wat God ons gee sodat ons nie met God se dinge foute maak en gestraf word nie – en só is ons met ons eie dinge besig. Reg vir die oordeelsdag omdat ons nie foute met God se goed gemaak het nie!

5. Daarteenoor staan gelowiges wat ywerig besig is tot en met Christus se wederkoms met alles wat die Here aan hulle toevertrou.

Die antwoord van die eienaar op die ywer van sy slawe wys oor waarmee hulle besig was: “Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Deel in jou eienaar se vreugde.”

Hulle was besig met die vreugde om met die eienaar se besittings toevertrou te word!

Dit is die nuwe geloofshouding wat Jesus Christus met sy eerste koms in sy dissipels skep – vreugde om met die besittings van die Here toevertrou te word! Dit is wat ons geloof in Christus in ons tot stand bring. Ons kan God nooit weer sien as 'n hardvorige Heerser wat ons goed kom roof en plunder en ons sal straf en veroordeel oor hoe ons met sy goed besig is nie.

Want die Here wat sy besittings aan ons toevertrou, is die Here wat eers gekom het om sondaar in ons plek te wees sodat die Here ons nooit sal straf, aankla,

veroordeel, sal vervloek of verwerp vir die sondes wat ons doen terwyl ons met sy besittings besig s nie.

Hy sal ons altyd in die eer, die trots en die waardigheid laat deel dat Hy ons nooit sal veroordeel vir hoe ons ywerig ons aan sy diens toewy nie. Hy sal ons toewyding met al ons foute en tekortkominge verheerlik.

6. Dit is wat Christus met sy eerste koms kom bewerk het – ons Verlossing. Die apostel Johannes haal Jesus aan in sy gesprek met Nikodemus waarin die Here self verklaar dat Hy nie met sy eerste koms gekom het om sondaars te veroordeel nie. Hy het soos openbaar in Johannes 18 en 29 self die veroordeelde in hulle plek kom word. Wie in Christus glo, word nooit veroordeel nie, ook nie vir sy diens en toewyding nie. Wie nie in Christus se eerste koms glo nie, is reeds veroordeel. Dit is presies wat die Here openbaar met die voorbeeld van die lui en slegte slaaf: Hy glo nie in Christus as die Here wat nie veroordeel nie, maar leef klaar as 'n veroordeelde. Omdat hy glo dat hy kamstig sal veroordeel word, aanvaar hy nie wat aan hom toevertrou is nie en doen hy niks met wat God aan hom toevertrou nie.

Die Here verwys hier na die Jode wat nie wil glo dat Hy die veroordeling dra nie maar God wil sien as die Een wat hulle vir sondes veroordeel. Hulle wil steeds in hul veroordeling bly glo en die rede vir hierdie opvatting oor God wys in hulle beskuldiging teen God: God is vir hulle hardvogtig en 'n God wat met geweld vat wat nie syne is nie!

Van wie praat die slegte slaaf?

Want dit kan nie die Here wees wat mense so liefhet dat Hy in hulle plek die veroordeelde sondaar geword het nie. (Joh. 3:16) En dit is onthulling in die veroordeling van die slaaf met sy eie woorde: die slaaf sien homself in God! Hy sien homself as mens in alles wat alles hy het en doen, as sy eie, wat niks met God te doen het nie. Sy goed en sy lewe is sy eie. Hy wil hom daarmee besig hou en nie met God se dinge nie.

Dit is die slaaf wat maai waar hy nie gesaai het nie, wat oes wat hy nie geplant het nie en hardvogtig vat wat nie syne is nie. Hy maak asof alles wat God as lewe, besit en werk aan hom gee, nie God s'n is nie. Hy het God s'n kamstig begrawe en is net my sy eie besig, terwyl hy en sy eie sy eienaar s'n is.

Met sy verwyte teen God beskuldig die mens wat nie in Christus as die Here wat in ons plek veroordeel is met sy eerste koms nie, homself: besig om God te roof en te ontvoog met hardvogtigheid.

7. Dit is hoe die eerste koms van Christus die hardvogtigheid van goddeloses aan die orde stel: En so kom die skeiding: die Lig het in die wêreld gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad want hulle daad was sleg. (Joh. 3:19)

Hoe kan jy soos die slegte slaaf glo God kom oordeel oor wat nie syne is nie, kom vat wat nie syne is nie en dat Hy jou so bang maak dat jy eerder niks met sy goed wil doen nie omdat jy vir jou foute veroordeel sal word – as Hy die Lig is?

Die Een wat gekom het om jou oordeel te dra!

Dit is omdat jy so wil glo in God omdat jy die een is teenoor God wat saai waar jy nie geoes het nie, maai waar jy nie gesaai het nie en God met geweld ontvoog en onteien van alles wat Hy as Skepper aan jou toevertrou het. Omdat jy God ontvoog van die vermoëns en geleenthede wat Hy aan jou toevertrou.

Dit is om God te onteer!

8. Christus skep deur sy eerste koms die ywer om Hom in dankbaarheid en met ywer te eer as die Here wat alles wat ons as vermoëns en geleenthede het van Hom ontvang.

Die gelykenis kan nooit gesien word as die wyse waarop jy moet werk om gered en nie veroordeel te word nie. Die besondere van die goeie slawe is hulle opgewondenheid om vir hul werkgewer te wys wat hulle alles kon regkry met wat aan hulle toevertrou is. Daarom die verwondering oor die gevolge van hulle toewyding met die woorde: "Meneer, u het vir my vyf talente gegee, en kyk, ek het 'n wins van nog vyf talent gemaak." (Mat. 25: 20) Hierdie opgewonde verwondering waarmee die Here genader word beskryf Johannes as: "Maar wie volgens die waarheid leef, kom na die lig, sodat sy daade bekend kan word, dat hulle in God gedoen is." (Joh. 2:21)

Dit is net soos wat kinders wat deur die dag vir hulle pa wat gaan werk het, iets gedoen het, en wanneer hy huis toe kom, opgewonde na hom hardloop om vir hom te wys wat hulle vir hom gedoen het. Hulle hardloop en gaan wys met die opgewonde verwagting dat hy hom deur wat hulle vir hom gedoen het, sal laat eer. Hulle verwag geen veroordeling nie. Hul pa sal hul nooit vir die eenvoud, die gebrekkigheid of foute in wat hulle vir hom gedoen het oordeel nie. 'n Pa sal nooit die prentjie wat hulle vir hom geteken het vat, foute uitwys en geïrriteerd sê: "Regte perde het nie pienk sterte nie!"

Met sy eerste koms waarin Jesus Christus die veroordeelde in ons plek voor God geword het, skep hy in ons die dankbaarheid en ywer om vir Hom te wag deur ywerig te woeker met alles wat Hy aan ons toevertrou het, sodat wanneer Hy weer kom, ons vir Hom opgewonde kan wys wat ons vir Hom gedoen het: ons kom na die Lig dat ons daade bekend kan word as daade uit dank en liefde, wat nooit veroordeel sal word nie.

9. Christus se eerste koms verander die tyd waarin ons op sy tweede koms wag na 'n tyd waarin ons dankbaar met ons self en ons lewe as God se eiendom is wat Hy aan ons toevertrou het. Daarmee het Christus hulle wat Hom nie verwag nie ontbloom as goddeloses wat God ontvoog, God roof en plunder. Hulle doen dit in die geloof dat hulle en hulle lewe nie aan God behoort nie, en daarom begrawe hulle "God se dinge" om met hul eie dinge besig te wees. Christus se eerste koms waarin Hy die veroordeelde sonder in ons plek geword het, het die toetsing in die oordeelsdag verander. Daar kan geen vrees wees vir enige beoordeling vir hulle wat in Christus glo nie en daar kan geen verskoning wees om kamstig te huiwerig te wees om met God se dinge besig te wees nie. Elkeen kan in Christus die lewe as gawe opneem

dat God 'n vreugde in my het en my in die vreugde van 'n lewe met Hom as Vader laat deel, in alles waarmee ek besig is. Christus laat ons die in die vreugde van God se welbehae in ons deel, nie in oordeel nie.

Christus se eerste koms ontbloom die werklike drif in die gemaakte vroomheid dat jy kamtig te bang is om met God se dinge besig te wees en eerder met jou eie dinge besig is. Dit is nie vrees om foute te maak nie. Dit is die minagting vir God dat jy jouself, jou vermoëns, jou geleentheid en lewe kan opeis asof dit nie deur God aan jou toevertrou is nie, asof jy kan besluit watter dinge in God se dinge en dit dan kan begrawe sodat jy net met jou sogenaamde eie dinge kan besig wees. Hierdie is die ongeloof van 'n goddelose mens wat maai waar hy nie gesaai het nie en oes waar hy nie geplant het nie, met die hardvogtigheid dat hy net met sy eie lewe kan besig wees.

Met Christus se tweede koms sal hy goddeloses veroordeel vir hierdie nuttelose lewe waarin hulle God en mense roof en plunder asof hulle vir dit waarmee hulle besig is geen rekening gaan gee nie. Christene word nooit veroordeel nie omdat hulle in die vreugde van hulle Here woek en vir Hom wil wys waarmee hulle besig was tot en met sy tweede koms.